**Dinsdag 29 April**
**Skrifgedeelte: Psalm 119:161-168 (AFR2020)**
**Fokusgedeelte: Psalm 119:166**
**Omdat ons oortuig is van ons verlossing, doen ons wat die Here van ons vra**

Regdeur Psalm 119 sien ons die kontras tussen die negatiewe en die positiewe. Die digter stel gedurig die realiteit: *"Leiers vervolg my sonder rede"* maar dan verwoord hy sy gelóófsrealiteit: *"… maar net vir u Woord het my hart 'n heilige vrees"* (vs 161)(vgl. bv. Ps. 119: 141, 153, 157). Selfs al gaan dit dus hóé swaar in hierdie psalmdigter se lewe, hou hy perspektief. In álle omstandighede hou hy vas aan die Here se Woord … aan die Here se Wet.

Meer nog – die digter vind 'n vreugde in die Here se Wet (vgl. o.a. Ps. 119:70, 92). Maar hoe is dit moontlik? Hoe kan 'n mens bly wees oor 'n stel koue reëls? Wanneer 'n gelowige God se Wet rég verstaan, dan is dit moontlik. Omdat álle mense gebroke is, het dit alléén Jesus Christus geverg om God se heilige Wet ten volle, namens gelowiges, te gehoorsaam (HK Sondag 23, 24). Vir 'n gelowige is die Wet daar as riglyn vir ons dankbaarheidslewe. Ons sal nooit die ewige lewe kan verdien omdat ons die Wet ten volle nakom nie, maar ons kan in gehoorsaamheid daaraan lewe juis omdat ons so dankbaar vir ons onverdiende verlossing is.

Te danke aan Christus se volmaakte gehoorsaamheid, sy kruisdood en opstanding, ervaar ons 'n vreugde in God se bepalings. Soos die psalmdigter, het ons die Here se Wet lief, want daarin sien ons die héle evangelie raak! Die Tien Gebooie wys ons juis op ons eie sonde en tekortkominge, maar óók op die Een in Wie ons ons hoop kan vestig. Hierdie "hoop" van vers 166 is die váste sekerheid dat ons – deur Christus alléén – vryspraak van ons sondes ontvang het. Wanneer gelowiges opnuut die Here se genade hierin raaksien, doen ons met 'n glimlag dít wat die Here van elkeen van ons vra.

*Sing: Psalm 119-1:6, 14*
*Ds. LD (Daniël) Myburgh (Otjiwarongo)*